# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/10)

*Justin Chadwick (1 Oktober 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK ***"I believe in equality for everyone, except reporters and photographers" Mahatma Gandhi***

## REGSTELLING

In laasweek se nuusbrief is dit verkeerdelik aangedui dat daar 'n "toename" in die Med See se sitrusproduksie verwag word – dit moes gelees het "Totale sitrusproduksie in die Middelandse See word voorspel om met 2.2% ***te veminder*** (vanaf 17.560 miljoen ton in 2009/10 tot 17.173 miljoen ton in 2010/11)"**.**

## TURKYE VERKRY TOEGANG NA JAPAN VIR POMELO'S

Die Ministerie van Landbou, Bosbou en Visserye (Japan MAFF) het invoervereistes daargestel om die invoer van vars pomelo-vrugte vanaf die Republiek van Turkye toe te laat. Die invoervereistes sluit in: koue behandeling onder spesifieke toestande; inspeksie en sertifisering deur die NPBO van Turkye en "on-site" verifiëring deur plant-kwarantyn-inspekteurs van Japan om volledige implimentering van die bogenoemde maatreëls te bevestig.

## RIVER BIOSCIENCE

RB het gevra dat produsente daaraan herinner moet word dat Helicover vir die beheer van bolwurm beskikbaar is en ook produsente versoek om dit op 'n klein gedeelte van hul plase te probeer om te bepaal hoe goed die produk in verhouding met bestaande chemie werk. In 'n verklaring sê RB:

"Produsente moet dit in samewerking met bestaande chemie probeer wat vir die beheer van blaaspootjies gespuit word en ons is vol vertroue dat hul goeie bolwurmbeheer sal verkry. 'n Belangrike aspek om te onthou is dat larwes nie dadelik sal doodgaan nie, maar dat hul betekenisvol minder sal eet en sodoende soortgelyke vlakke van beheer verskaf as wat met beide Dursban en Methomyl verkry word. Met hernieude druk op OP's en moontlike ander beheer sal dit goed vir produsente wees om te leer hoe om die produk te gebruik. "

## SITRUSVERBETERINGSKEMA (SVS)

In 'n volgehoue poging om te verseker dat die sitrusbedryf van siekte-vrye, tipe-egte voortplantingsmateriaal voorsien word, het CRI drie kundiges op die gebied gekontrakteer om die skema te evalueer. Hul verslag het 'n aantal areas waarop verbeter kan word uitgelig, maar oor die algemeen is bevind dat die SVS goed werk en van 'n goeie standaard is soos afgelei kan word uit die volgende uittreksel uit hul verslag:

"Die Suid-Afrikaanse Sitrusverbeteringskema (SVS) voldoen aan wêreldstandaarde en mag selfs beter wees. Dit voldoen aan die doel van die SVS, wat is om die winsgewendheid van suider-Afrika se sitrusbedryf te verhoog deur te verseker dat produsente van kwekerybome voorsien word wat van die hoogste moontlike kwaliteit is en gemaak is vanaf die beste genetiese sitrusmateriaal en vry van enige skadelike patogene is. Die SVS doen dit deur kwekerye van entmateriaal en saad te voorsien wat hul benodig. Dit is dus nie nodig vir moerderbome en vinnige vermeerdering deur kwekerye soos wat voorkom in skemas in Spanje en VSA (Florida en Kalifornië) nie."

## DATUMS VIR DIE DAGBOEK

Die seisoen is besig om tot 'n einde te kom en soos altyd is daar belangrike vergaderings. Op **Woensdag 20 Oktober gaan die Koördineringsvergadering deur DAFF** om **09:00 by CRI in Nelspruit aangebied word**. HIERDIE IS 'N GELEENTHEID VIR DIE BEDRYF EN DAFF OM DIE PROBLEME VAN 2010 UIT TE STRYK EN VIR 'N PROBLEEM-VRYE 2011 TE BEPLAN. Agenda is by www.cga.co.za.

Op **27 Oktober om 10:00 by Olive Grove, Infruitec in Stellenbosch sluit ons met die FINALE SITRUS BEMARKINGSFORUM (CMF)vergadering af.** Agenda is by www.cga.co.za.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 38<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo's | 12.8 m | 14 m | 12.5 m | 13.4 m | 11.2 m | 12.6 m | 12.5 m | 14.2 m | 13.7 m |
| Sagte Sitrus | 7.3 m | 6.8 m | 7.5 m | 6 m | 6.4 m | 7.5 m | 7.9 m | 6.8 m | 6 m |
| Suurlemoene | 9.4 m | 8.4 m | 9.5 m | 7.4 m | 7.5 m | 9 m | 9.6 m | 8.7 m | 7.7 m |
| Nawels | 21.5 m | 19.4 m | 22.9 m | 19 m | 22.4 m | 21.4 m | 22.9 m | 19.4 m | 19.1 m |
| Valencias | 40.7 m | 36.1 m | 42 9 m | 28.4 m | 33 m | 41.3 m | 43 m | 38.5 m | 35.3 m |
| Totaal | 91.7 m | 84.7 m | 95.3 m | 74.2 m | 80.5 m | 91.8 m | 95.9 m | 87.6 m | 81.8 m |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**